Wes-Kaapse Regering

Onderwys

KAAPSE WYNLAND ONDERWYSDISTRIK

# EKONOMIE
# GRAAD 12

## LENTE SKOOL

## MODULE 1


## OKTOBER 2021

**NAAM VAN LEERDER:** ___________________________________

**NAAM VAN SKOOL:** _____________________________________

## ONDERWERP 1: EKONOMIESE KRINGLOOP

**1. Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




1.1 Voorsien die diagram hierbo van 'n gepaste opskrif. (1)

1.2 Noem, behalwe investering, enige ander inspuiting. (1)


1.3 Identifiseer A en B in die diagram hierbo. (2)

1.4 Hoe sal die nasionale inkome deur die lekkasies en inspuitings hierbo beïnvloed word? (2)

1.5 Bereken die verandering in nasionale inkome wat deur die investering hierbo veroorsaak is. Toon ALLE berekeninge. (4)

**2. Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**DIE EKONOMIESE KRINGLOOP VAN INKOMSTE EN BESTEDING**




[Aangepas uit Google Images 2015]

2.1 Identifiseer EEN inspuiting in die diagram hierbo. (1)

___

2.2 Noem die tipe ekonomie wat deur die diagram hierbo uitgebeeld word. (1)

___

2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese kringloop*. (2)

___

___

___

2.4 Wat is die hoofdoelwit van sosiale oordragte? (2)

___

___

___

2.5 Verduidelik kortliks die belangrikheid van die faktormark in die ekonomiese kringloop. (4)

___

___

___

___

___

___

___

___

___

**3. Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

| UITTREKSEL VAN NASIONALE REKENINGE VAN SUID-AFRIKA TEEN HUIDIGE PRYSE | |
|---|---|
| **R miljoen** | **2017** |
| Bruto binnelandse produk (BBP) teen markpryse | 3 155 195 |
| Primêre inkome vanaf die res van die wêreld | 48 501 |
| Primêre inkome aan die res van die wêreld | A |
| Bruto nasionale produk (BNP) teen markpryse | 3 085 188 |

[Bron: SARB Kwartaalblad, Maart 2017]

3.1 Definieer die begrip bruto binnelandse produk. (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

3.2 Bereken die waarde van A in die tabel. (2)

______________________________________________________________

3.3 Gee 'n voorbeeld van 'n primêre inkome vanaf die res van die wêreld. (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

3.4 Verduidelik die verskil tussen huidige pryse en konstante pryse. (4)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**4. Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**NASIONALE INKOME- EN PRODUKSIEREKENINGE VAN SUID-AFRIKA**

| | **2017 R miljoen** |
|---|---|
| Vergoeding van werknemers | 1 451 603 |
| Netto bedryfsurplus | 922 030 |
| Vastekapitaalverbruik | 405 640 |
| **Bruto Waarde Toegevoeg @ Faktorkoste** | **2 779 273** |
| Ander belasting op produksie | 56 527 |
| Ander subsidies op produksie | 15 538 |
| **(A)** | **2 820 262** |
| Belasting op produkte | 338 804 |
| Subsidies op produkte | 20 086 |
| **Bruto Binnelandse Produk @ Markpryse** | **(B)** |

[Bron: *SARB Kwartaalblad*, Desember 2017]

4.1 Skryf die ontbrekende item gemerk (A) neer. (2)

______________________________________________________________

4.2 Definieer die term bruto binnelandse produk (BBP). (2)

4.3 Verduidelik die item 'Vastekapitaalverbruik'. (2)

4.4 Bereken die 'Bruto Binnelandse Produk @ Markpryse' gemerk (B). Toon ALLE berekeninge. (4)

**5. Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

| **NASIONALE-INKOME-REKENINGE VAN SUID-AFRIKA** | | |
|---|---|---|
| | **R miljoen** | |
| | **2016** | **2017** |
| Vergoeding van werknemers | 1 451 | 1 576 |
| Netto bedryfsurplus | 922 | 961 |
| Vastekapitaalverbruik | 406 | 443 |
| Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste | 2 779 | 2 980 |
| Ander belasting op produksie | 56 | 64 |
| MIN: Subsidies op produksie | 15 | 14 |
| **… (A) …** | 2 820 | 3 030 |
| Belasting op produkte | 338 | 374 |
| MIN: Subsidies op produkte | 20 | 19 |
| Bruto binnelandse produk teen markpryse | 3 138 | 3 385 |

[Aangepas uit SARB Quarterly Bulletin, September 2017]

5.1 Watter berekeningsmetode is in die tabel hierbo gebruik om die bruto binnelandse produk te bereken? (1)

5.2 Gee EEN voorbeeld van belasting op produkte. (1)

5.3 Skryf die ontbrekende item gemerk (A) neer. (2)

5.4 Hoe sal jy BBP na BNP omskakel? (2)

5.5 Bereken die vergoeding van werknemers as 'n persentasie van BBP teen markpryse in 2017. Toon ALLE berekeninge. (4)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**6. Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.**

| **BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE VOLGENS SOORT EKONOMIESE AKTIWITEIT (R MILJOENE)** | **2017** |
|---|---|
| **Teen huidige pryse** | |
| **Primêre sektor** | **371 268** |
| Landbou, bosbou, vissery | 84 662 |
| Mynbou, steengroefwerk | 286 606 |
| **Sekondêre sektor** | **5.3** |
| Vervaardiging | 452 326 |
| Eletrisiteit, gas en water | 125 377 |
| Konstruksie | 138 917 |
| **Tersiêre sektor** | **2 316 605** |
| **BTW @ basiese pryse** | **3 404 493** |

6.1 Identifiseer die metode wat in die bostaande tabel gebruik word om BTW te bereken. (2)

______________________________________________________________________________

6.2 Klassifiseer enige aktiwiteit uit die tersiêre sektor. (2)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

6.3 Bereken die bydrae van die sekondêre sektor tot die BBP (C). (2)

______________________________________________________________________________

6.4 Beklemtoon die belangrikheid van Nasionale Rekening Totale. (4)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**7. Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**DIE VERMENIGVULDIGEREFFEK**

Die regering van Valspar het besluit om vanjaar die nasionale padnetwerk met R200 miljoen uit te brei. Die tendens van huishoudings is om 20 persent van hul inkomste te spaar.

7.1 Watter persentasie van hul inkomste bestee huishoudings? (2)

______________________________________________________________________________


7.2 Verduidelik die term vermenigvuldiger. (2)

7.3 Watter uitwerking sal 'n styging in belasting op die vermenigvuldiger hê? (2)

7.4 Bereken die grootte van die vermenigvuldiger. Toon ALLE berekeninge. (4)

| | |
|---|---|
| | |

**8. Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




8.1 Wat word deur die lyn E = Y voorgestel in die bostaande grafiek? (1x2) (2)

8.2 Beskryf kortliks die konsep vermenigvuldiger. (1x2) (2)


8.3 Wat is die verwantskap tussen die vermenigvuldiger en die marginale verbruiksgeneigdheid (mpc)? (1x2) (2)

8.4 Bereken die vermenigvuldiger vanaf die bostaande inligting.
(Toon ALLE berekeninge.) (4)

| | |
|---|---|
| | |

**ONDERWERP 2: SAKESIKLUS**

**1. Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.**





1.1 Wat verteenwoordig stippellyne a en b? (2 x 1) (2)

1.2 Definieer die begrip reële (werklike) sakesiklus. (2)

1.3 Wat is die belangrikheid van die lengte (T2 T3) van die sakesiklus? (2)

1.4 Wat kan die regering doen ten einde te verseker dat inflasie nie gedurende die pieke van sakesiklusse voorkom nie? (2 x 2) (4)

2. **Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.**




2.1 Benoem die grafiek wat hierbo voorgestel word. (1)


2.2 Watter punt op die grafiek toon die oorspronklike natuurlike werkloosheidskoers aan? (1)

2.3 Wat is die gevolg van PK1 wat by punt D sny? (2)

2.4 Noem enige aanbodkant beleidsmaatreël wat aangewend kan word om PK na PK1 te verskuif. (2)

2.5 Verduidelik die verhouding tussen werkloosheid en inflasie in die bostaande grafiek. (4)

3. **Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.**





3.1 By watter stadium, in bostaande grafiek, ondervind die ekonomie inflasie? (2)

3.2 Omskryf die begrip *sakesiklus.* (2)

3.3 Wat word deur die tendenslyn aangetoon? (2)

3.4 Verduidelik hoe die regering ekonomiese aktiwiteit kan stimuleer in 'n poging om die sakesiklus uit te stryk. (4)

**4. Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




[Bron: *Aangepas uit www.sarb.co.za*]

4.1 Wat was die reële BBP groei gedurende 2009? (1)

________________________________________

4.2 Identifiseer die periode (jare) waar die langste sakesiklus in die grafiek waargeneem kan word. (1)

________________________________________

4.3 Omskryf kortliks die term *Bruto Binnelandse Produk*. (2)

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

4.4 Verduidelik die onderliggende kragte van die amplitude gedurende 2009. (2)


____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

4.5 Hoe kan belasting gebruik word om die afwaartse tendens in die ekonomie om te keer? (4)

**5. Bestudeer die sirkelgrafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




5.1 Watter staatsdepartement het die grootste toewysing in die begroting ontvang? (1)

5.2 Wanneer begin die staat se finansiële jaar? (1)

5.3 Noem enige TWEE items in die sirkelgrafiek hierbo wat met maatskaplike besteding verband hou. (2 x 1) (2)

5.4 Waarom, dink jy, behoort die staat meer aan infrastruktuur-ontwikkeling te spandeer? (2)

5.5 Waarom ken die staat 60% van die totale begroting aan maatskaplike besteding toe? (4)

## 6. Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| OPENBARE SEKTOR SE BEGROTINGSRAAMWERK | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **R MILJARD** | **HERSIEN** | **MEDIUM-TERMYN SKATTINGS (MTBR)** | | |
| | **2012/2013** | **2013/2014** | **2014/2015** | **2015/2016** |
| **Inkome** | **830** | **904** | **1 005** | **1 118** |
| Persentasie van BBP | 27% | 27% | 27,80% | 28% |
| **Besteding** | **972** | **1 058** | **1 149** | **1 239** |
| Persentasie van BBP | 32% | 32% | 31% | 31% |
| **Surplus/ Tekort** | **-142** | **-153** | **-143** | **-12** |
| Persentasie van BBP | -4% | -4% | -4% | **(A)** ***4.2.3*** |
| **Bruto Binnelandse Produk** | **2995** | **3 301** | **3 622** | **3 997** |

[Aangepas uit Die Nasionale Tesourie: Begrotingsoorsig]

6.1 Waarvoor staan die afkorting MTBR? (2)


6.2 Die tekort op die begroting behoort NIE watter persentasie van die BBP te oorskry NIE? (2)

6.3 Bereken die begrotingstekort as 'n persentasie van BBP (A). (2)

6.4 Na jou mening, wat kan die regering doen ten einde die begrotingstekort te verminder? (4)

**7. Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**SUID-AFRIKA SE NASIONALE BEGROTING – 2016/17**




[Aangepas uit die 2016-Begrotingsrede]

7.1 Identifiseer EEN vorm van indirekte belasting in die inligting hierbo. (1)


7.2 Watter tipe belasting sal die grootste bydrae tot die staatsinkome in die 2016/17 finansiële jaar lewer? (1)

7.3 Beskryf kortliks die term *begroting*. (2)

7.4 Gee EEN rede hoekom die regering belasting (aksynsregte) op nie-merietegoedere gedurende die 2016/17 finansiële jaar verhoog het. (2)

7.5 Hoe sal 'n styging in maatskappybelasting ekonomiese groei negatief beïnvloed? (4)

8 **Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




8.1 Watter kurwe word in die grafiek hierbo uitgebeeld? (2)

8.2 Watter belastingkoers sal maksimum inkomste vir die owerheid genereer? (2)

8.3 Wat is die verband tussen 'n belastingkoers van nul en 'n belastingkoers van 100% vir die owerheid? (2)

8.4 Verduidelik die implikasie van 'n belastingkoers van 60% vir die belastingbetaler. (4)

## ONDERWERP 4: INTERNASIONALE HANDEL

1. **Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

| **BETALINGSBALANS (BB)** | **Desember 2016 (R miljoen)** |
|---|---|
| **1. LOPENDE REKENING** | |

| | |
|---|---|
| Goedere uitvoere | |
| Netto Gouduitvoere | |
| Dienste ontvangste | |
| Inkomste ontvangste | |
| Min: Goedere invoere | |
| Min:Betalings vir dienste | |
| Min: Inkomstebetalings | |
| Lopende oordragte | |
| **Balans op lopende rekening** | **-141 596** |
| Memo item: handelsbalans | **A** |
| | |
| **2. KAPITALE OORDRAGREKENING (netto ontvangste +)** | 241 |
| | |
| **Netto uitleen aan (+) of leen van (-) res van die wêreld** | **-141 355** |
| | |
| **3. FINANSIËLE REKENING** | |
| Netto direkte beleggings | -16 352 |
| Netto portefeuljebeleggings | 254 964 |
| Netto finansiële afgeleide instrumente | -13 757 |
| Netto ander beleggings | -21 144 |
| | |
| Reserwe bates | -40 580 |
| | |
| **Balans op finansiële rekening** | **163 131** |
| | |
| **Memo item: Saldo op finansiële rekening uitsluitend reserwe bates** | 203 711 |
| **ONAANGETEKENDE TRANSAKSIES** | -21 776 |
| **Memo item: Saldo op finansiële rekening uitsluitend reserwe bates insluitend onaangegaande transaksies** | 181 935 |

(Bron: SARB Kwartaallikse Bulletin, Maart 2017)

1.1 Watter instansie publiseer die inligting in die bostaande tabel? (1)

____________________________________________

1.2 Hoeveel geld sal die Suid-Afrikaanse regering moet leen om die Betalingsbalans te laat balanseer? (1)

____________________________________________

1.3 Verduidelik die item "Onaangetekende transaksies". (2)

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

1.4 Bereken die handelsbalans (A) vir Desember 2016. (2)

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

1.5 Watter maatreëls, behalwe lenings van ander lande, kan geïmplementeer word om die tekort op die Betalingsbalans reg te stel? (2 x 2) (4)

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

2. **Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**BETALINGSBALANS**
**DIE LOPENDE REKENING (R MILJOENE)**

| | **2012** | **2015** |
|---|---|---|
| Goedere-uitvoere | 751 332 | 973 778 |
| Netto gouduitvoere | 71 050 | 67 662 |
| Dienste-ontvangste | 144 789 | 191 656 |
| Inkome-ontvangste | 48 501 | 98 016 |
| Min: Goedere-invoere | 859 172 | 1 075 850 |
| Min: Betalings vir dienste | 155 243 | 197 643 |
| Min: Inkome-betalings | 136 837 | 198 382 |
| Lopende oordragte | -31 369 | -33 533 |
| **Saldo op lopende rekening** | **-166 949** | **-174 298** |

[Aangepas uit *SARB Kwartaallikse Bulletin*, Junie 2016]

2.1 Watter instelling verskaf die statistiek hierbo? (1)

2.2 Watter item hou rekord van transaksies wat met donasies en geskenke aan ander lande verband hou? (1)

2.3 Beskryf kortliks die *kapitaaloordragrekening* as deel van die betalingsbalans. (2)

2.4 Gee EEN rede vir die daling in gouduitvoere. (2)

2.5 Bereken die handelsbalans vir 2015. Toon AL die berekeninge. (4)

3 **Bestudeer die gegewens en beantwoord die vrae wat volg.**

| | 2015 | 2016 | 2017 |
|---|---|---|---|
| **Lopende Rekening** | | | |
| Goedere utivoere | 682,4 | 698,6 | 973.7 |
| Netto gouduitvoere | 75,4 | 69,2 | 67.6 |
| Goedere Invoere | -686,9 | -853,5 | -1075.8 |
| Handelsbalans | 70.9 | -85,7 | -34.5 |
| Netto dienste-, inkome- en lopende oordragbetalings | -124,4 | -134,3 | -141.8 |
| Saldo op die lopende rekening | -53,5 | 220 | **?** |

(Fiktiewe getalle)

3.1 Bereken die saldo op die lopende rekening vir die tweede kwartaal van 2017. (2)

NB: Leerders kan dit op twee maniere doen.

| | |
|---|---|
| | |
| | |

3.2 Gee 'n rede vir die verandering in die handelsbalans tussen 2015 en 2016. (2x1) (2)

3.3 Na jou mening, wat kan gedoen word om 'n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans te verseker? (2 x 2) (4)

| | |
|---|---|
| | |

**4 Bestudeer die inligting hieronder oor die Suid-Afrikaanse betalingsbalans en beantwoord die vrae wat volg.**

| **Balans op die Lopende Rekening** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Jaar** | **2013** | **2014** | **2015** | **2016** |
| **R (Biljoene)** | -52,6 | 68,0 | -164,5 | -197,2 |

[Fiktiewe getalle]


4.1 Definieer die term betalingsbalans. (2x1) (2)

4.2 Wat is die huidige basisjaar wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik word? (2x1) (2)

4.3 Watter effek het die sluiting van tekstielfabrieke in Suid-Afrika op die saldo van die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die laaste drie jaar gehad? Motiveer jou antwoord. (4)

4.4 Wat is die tendens van die saldo op die lopende rekening van 2013 tot 2016? (2x1) (2)

**5. Bestudeer die staafdiagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




5.1 Beskryf die algemene tendens van die ruilvoet tussen 2011 en 2015. (1)

___

5.2 Identifiseer die basisjaar in die bostaande grafiek. (1)

___

5.3 Omskryf kortliks die term *ruilvoet.* (2)

___

5.4 Wat beteken 'n verbetering in die ruilvoet? (2)

___

5.5 Watter impak het 'n verswakking van die ruilvoet op die betalingsbalans? (4)

___

**6 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

| **Ruilvoet** | | | |
|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Indeks van uitvoerpryse** | **Indeks van invoerpryse** | **Ruilvoet** |
| 2010 | 100 | 100 | 100 |
| 2015 | 105 | 102 | A |

6.1 Bereken die ruilvoet vir A. Toon ALLE berekeninge. (3)

6.2 Wat beteken 'n afname in die ruilvoet? (2)

6.3 Wat is die basisjaar volgens die tabel? (2)

6.4 Beskryf die beweging van die ruilvoet van 2010 – 2015. (3)

**7. Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**SUID-AFRIKA: RUILVOET**

| Jaar | Indeks van invoerpryse | Indeks van uitvoerpryse | Ruilvoet |
|---|---|---|---|
| 2010 | 141 | 171 | 121.3 |
| 2011 | 153 | 191 | **A** |
| 2012 | 163 | 200 | 122.7 |
| 2013 | 179 | 214 | 119.6 |

[Bron: *SARB Quarterly Bulletin*, Maart 2015]

7.1 Identifiseer die instelling wat vir die publikasie van die data hierbo verantwoordelik is. (1)

7.2 Wat is die neiging in die indeks van invoerpryse? (1)

7.3 Verduidelik die begrip *ruilvoet*. (2)

7.4 Verduidelik kortliks hoekom 'n toename in die ruilvoet 'n positiewe uitwerking op die welsyn van die land sal hê. (2)

7.5 Bereken die ruilvoet vir 2011 (**A**). Toon ALLE berekeninge. Rond jou antwoord tot EEN desimale plek af. (4)

| |
|---|
| |

**Hoe antwoord/benader ek my Ekonomie vraestelle / Wat word van my verwag????**

## ***EERSTE STAPPE = STUDIE, OEFENING***

**VRAESTEL 1**
**MODULE 1: MAKRO -EKONOMIE**
**MODULE 3: EKONOMIESE STREWES**

**VRAESTEL 2**
**MODULE 2: MIKRO-EKONOMIE**
**MODULE 4: EKONOMIESE KWESSIES**

**AFDELING A - VERPLIGTEND**

**VRAAG 1 [30]**

| | |
|---|---|
| V1.1 = Opsies / meerkeuse-vrae | 8 x 2 [16] |
| V1.2 = Kolom A / B (Pasitems) | 8 x 1 [8] |
| V1.3 = Terminologie / EEN konsep /term/begrip | 6 x 1 [6] |

**AFDELING B - KIES ENIGE TWEE (2) VAN DIE DRIE VRAE**

**VRAESTEL 1**
Vraag 2 – Makro-ekonomie [40]
Vraag 3 - Ekonomiese Strewes [40]
Vraag 4 - Makro en Strewes [40]

**VRAESTEL 2**
Vraag 2 – Mikro-ekonomie [40]
Vraag 3 - Ekon. Kwessies [40]
Vraag 4 - Mikro en Ekon Kwessies [40]

**AFDELING C - OPSTELTIPE**

**VRAESTEL 1 - KIES ENIGE (1)**
Vraag 5 – Makro-ekonomie
Vraag 6 - Ekonomiese Strewes

**VRAESTEL 2 - KIES ENIGE (1)**
Vraag 5 - Mikro-ekonomie
Vraag 6 - Ekonomiese Kwessies

**NOTAS:**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## AFDELING A - WENKE - LEES HIERDIE NOUKEURIG OM JOUSELF TOE TE RUS MET DIE TEGNIEKE OM HIERDIE AFDELING VAN DIE VRAESTEL TE SLAAG

**VRAESTEL1 (VERPLIGTEND)**

- Hierdie vraag is **verpligtend** en moet deur alle kandidate beantwoord word.
- Om hierdie vraag te beantwoord, is dit noodsaaklik dat die kandidate die **ekonomiese begrippe / terminologie** en die definisies en / of beskrywings ken.
- **Probeer '**n antwoord op al die vrae, selfs al weet jy nie die antwoord nie.
- As jy **onseker is oor die antwoord**, gaan voort met die skryf van die eksamen en keer terug na die vraag aan die einde van die eksamen. Dit is moontlik dat jy leidrade kan vind vir die onbeantwoorde vraag terwyl jy met die toets/eksamen voortgaan. (Onthou om reëls hiervoor oop te laat - dit maak dit ook maklik om te sien waar jy antwoorde moet voltooi as jy moet terugkeer.
- As jy nie die antwoord ken nie, neem **'n weldeurdagte raaiskoot**.
- **Dit is belangrik om op die volgende te let**: as as jy vrae onbeantwoord laat, kry jy geen punte nie, maar as jy 'n antwoord skryf wat ekonomies sinvol is en die vraag beantwoord, kan jy punte verdien.

**1.1 Meervoudige keusevrae**

- Lees die vraag / **stelling** deeglik voordat jy probeer antwoord.
- VIER opsies word as moontlike antwoorde op 'n vraag of stelling gegee.
- Daar word van leerders verwag om slegs **EEN opsie / moontlike antwoord te kies** en slegs die letter langs die vraagnommer neer te skryf.
- Slegs **EEN opsie / moontlike antwoord per vraag sal aanvaar word**. Indien meer as een opsie / antwoord geskryf word, **sal beide as verkeerd gemerk word.**

**Wenke oor hoe om die meervoudige keuse vrae te beantwoord:**

- **Lees** die hele vraag / stelling.
- **Dek eerste die moontlike antwoorde** op die vraag.
- **Formuleer / dink oor** die korrekte moontlike antwoord in **u gedagtes**.
- **Maak** die moontlike antwoorde / opsies oop.
- Kyk of **jou keuse** tot die antwoord een van die opsies / antwoorde is.
- As jou antwoord nie beskikbaar is nie, moet jy **'n metode van eliminering gebruik**.
- Skakel die antwoorde uit waarvan jy weet dat dit **heeltemal verkeerd** / **onsinnig is**.
- Kies die **beste antwoord** uit die oorblywende moontlike antwoorde.
- As u <u>onseker is</u>, begin **dan met die skryf van die eksamen** en keer terug na die meerkeusevrae aan die einde van die eksamen. Dit kan wees dat jy leidrade tot die antwoorde kan vind terwyl u met die eksamen voortgaan.
- Dit is soms goed om 'n weldeurdagte raaiskoot te maak as jy nie die antwoord ken nie - maar laat die vraag nooit onbeantwoord nie.

**1.2 Pas-items**

- Lees die vraag aandagtig deur.
- Die TERM/BEGRIP word in KOLOM A verskaf en die BESKRYWING word in KOLOM B gegee.
- Daar word van leerders verwag om die beskrywing in KOLOM B langs die TERM in KOLOM A te verskaf.
- Slegs EEN keuse / opsie / moontlike antwoord word per term aanvaar. Byvoorbeeld, Q1.2.1 A en nie Q1.2.1 A of G nie - Slegs EEN keuse uit KOLOM B word aanvaar vir die teenoorgestelde term in KOLOM A.
- As twee antwoorde gekies word, word albei as verkeerd gemerk.

**'n Voorbeeld van hoe om die ooreenstemmende vraag te beantwoord.**

- Lees alle opsies in elke kolom voordat jy antwoord.
- Gebruik logika - soek na logiese leidrade in die stelling / beskrywing.
- Gebruik jou kennis en beantwoord eers die terme wat jy ken.
- Steek die terme in albei kolomme deur sodra jy jou keuse gemaak het - dit is 'n vorm van uitskakeling en maak dit makliker om die res te beantwoord.
- Pak nou die moeiliker keuses aan.
- Kyk of jy 'n pasmaat vir die oorblywende terme kan vind.
- As jy nie seker is nie, gaan voort met die skryf van die toets of eksamen en keer terug na die ooreenstemmende vraag aan die einde van die toets of eksamen. Dit kan wees dat u leidrade tot die antwoorde kan vind terwyl jy met die toets voortgaan.
- As jy nie die antwoord ken nie, is dit altyd goed om 'n weldeurdagte raaiskoot te maak, maar moenie die antwoord uitlos nie.

**1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings.**

- 'n Beskrywing word gegee, en daar word van die leerders verwag om slegs EEN term vir die beskrywing te gee.
- Die leerders mag nie antwoorde verskaf in die vorm van afkortings, akronieme en voorbeelde nie.
- As leerders afkortings, akronieme en voorbeelde vir hierdie vraag in die toets of eksamen gebruik, sal hulle die punte verbeur.

***KOM ONS KYK NA AFDELING B***
***HOE BEANTWOORD EK ELKE AFDELING EN SUBAFDEING??***

**BELANGRIK!!!!!!** **-** Betekenis van **AKSIEWOORDE / WERKWOORDE / OPDRAGWOORDE**
**-** **PUNTETOEKENING** per vraag

**ONTHOU !! Die kognitiewe vlak van die vrae en die puntetoekenning gee ook 'n aanduiding van wat verwag word.**

| **VERDUIDELIKING VAN VRAAG 2, 3 EN 4** | | | **Punte** |
|---|---|---|---|
| 2.1 | **2.1.1**<br>Noem / Lys /Gee | **Gee kort antwoorde, geen volsin of paragraaf antwoord** | 2 x 1 (2) |
| *bv.* | *Noem die TWEE instrumente van fiskale beleid.* | *Antwoorde:*<br>*Staatsuitgawes* ✓<br>*Belasting* ✓ | |
| | **2.1.2**<br>Hoe / Wat / Watter / Waarom | **Moet 'n verduidelikende antwoord wees / miskien 'n rede gee +**<br>**beskrywing / kwalifiseer u antwoord / vol sin,** | |
| *bv.* | *Watter uitwerking sal 'n progressiewe inkomstebelastingstelsel op die herverdeling hê? van inkomste?* | *Antwoord:*<br>***Positiewe effek*** *+* ***rede waarom*** ✓✓ | 1 x 2 (2) |
| | | | |
| **2.2 & 2.3**<br>**<u>Data -reaksie</u>** (lees / uittreksel / tabel / berekening / tekenprent / diagram) | | | |
| | 2.2.1<br>Identifiseer / noem / lys / watter | **indirekte antwoord / afleidings van die inhoud van die datarespons**<br>**Vereis nie 'n volledige sin nie** | (1) |
| | 2.2.2<br>Identifiseer / gee / noem / lys / watter | **indirekte antwoord / afleidings van die inhoud van die datarespons**<br>**Vereis nie 'n volledige sin nie** | (1) |
| | 2.2.3<br>Beskryf die term / begrip | **Beskrywende feit / definisie van die konsep / beskrywing wat verband hou met die konsep - nie 'n formele definisie nie - inhoud uit u NOTAS** | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 2.2.4<br>Watter / Bespreek / Verduidelik / Hoe / Waarom / Watter impak | **(MIDDELORDE)**<br>**Verduidelik / beskryf u antwoord / volledige verduideliking - Naam + gedefinieer / beskryf** | (2) |
| | 2.2.5 Hoe / Wat / Waarom | **(HOë ORDE)**<br>**Kwalifiseer u antwoord / Motiveer / Verduidelikend / volsinne / brei uit oor die vraag - GEEN OPSOMMING VAN FEITE WORD AANVAAR nie.** | (4) |
| | 2.4<br>Verduidelik / Bespreek / Gebruik ... en teken 'n grafiek / Onderskei | **(MIDDELORDE)**<br>**Vol sinne / Voorstelling van goed gestruktureerde- Die feite wat ekonomies sin maak.** | 2 x 4 (8)<br>OF<br>4 x 2<br>(8) |
| | 2.5<br>Hoe / Evalueer / Gebruik die / Grafiek / Skryf in breë trekke / Assesseer / Ontleed | **(HOë ORDE)**<br>**Toepassing / Interpretasie / "pak uit" feite / verduidelikende antwoorde /**<br>**naam + rede / effek / resultaat / "out of the box" / GEEN LYS word aanvaar nie**<br>In 'n HOE -vraag kan u antwoord deur **evalueer of te ontleed.** | 2 x 4 (8)<br>OF<br>4 x 2<br>(8) te |

# Wat is die verskil tussen Evalueer en Analiseer ????

| Evalueer | Analiseer |
|---|---|
| Dit is gebaseer op FEITE / BEWYS | • Verwys na interpretasie, ondersoek<br>• Ondersoek = "ontleed" die vraag |
| Verwys na iets wat reeds in gebruik is | • Verwys na 'n diepgaande bespreking |
| -eg, effek van COVID 19 op ekonomie | • Verwys na definisie / effekte / redes /<br>• Voordele / nadele / huidige situasie / statistiek /<br>• Vergelykings |
| Leerder moet evalueer deur die IMPAK / EFFEK of IMPLIKASIES daarvan aandui, dit wil sê **JA of NEE / POSITIEF OF NEGATIEF / SUKSES OF MISLUKKING** | • Leerder ontrafel konsep / vraag |
| Was dit goed of sleg vir die ekonomie / land | • Maak 'n gevolgtrekking / eie mening / gee aanbevelings |
| Het dit enige waarde vir die ekonomie toegevoeg? | |
| Basiese antwoord op feite - suksesvol of minder suksesvol | |
| Antwoord is ook gebaseer op jou mening. | |
| **Evaluering beteken dat jy iets moet oordeel na die waarde of betekenis daarvan** | |

**ONTHOU !!! Bogenoemde TWEE aksiewoorde is hoë kognitiewe werkwoorde / vlakke en MOET dus in volsinne wees en jy MOET jou antwoord staaf / verduidelik.**

**Oeeeeeeeeee!!!!! DIE OPSTELVRAE WAARVOOR ALMAL WAG…**
**HOE KAN EK VOLPUNTE IN HIERDIE AFDELING KRY???**
**…… LET'S HAVE A LOOK!!!!!!**

**<u>AFDELING C - VRAAG 5 en 6</u>** **- ANTWOORD SLEGS <u>EEN</u> VRAAG**

- Die antwoord op die vraag bestaan uit vier dele (struktuur)
- Duidelike instruksies word op die vraestel gegee.
- Skryf in paragraafstyl / gebruik opskrifte / subopskrifte.
- **Die antwoord / struktuur MOET DIE VIER GEDEELTES duidelik aandui EN INSLUIT:**

| | | |
|---|---|---|
| **INLEIDING** | Beginpunt van die opstel / Verkieslik 'n beskrywing / beskrywing van die onderwerp van die opstel - **MOET ASB NIE DIE VRAAG IN DIE INLEIDING HERHAAL nie.** | Maks 2 punte |
| **INHOUD / LIGGAAM / HOOFDELE** | BESPREEK IN BESONDERHEDE / BESPREEK ALLES / BESPREEK KRITIES **OF**<br>BESPREEK DIE VOLGENDE KENMERKE / FAKTORE ...<br>● Daar word van die leerder verwag om sy antwoorde in **volsinne / beskrywende feite** te beantwoord.<br>● As jy voorbeelde as deel van jou bespreking gebruik, moet dit **volledig verduidelik, gedefinieer** of binne die konteks van die vraag wees.<br>● ‘n **Maksimum van 8 punte** word toegeken vir die lys van feite, opskrifte, noem van voorbeelde<br>● By die **voorbereiding van** u opstel-tipe vrae, volg die **2021-eksamenriglyne**, met 'n duidelike aanduiding van die diepte hoe jy die opstel moet beantwoord. | Maks 26 punte |
| **ADDISIONELE DEEL** | **WAAROM / Evalueer / assesseer -** Hierdie afdeling MOET as 'n HOOG KOGNITIEWE VRAAG beskou word en daarom ook die ANTWOORD. (Verwys na afdeling B oor hoe die tipe vrae beantwoord moet word)<br>● **GEEN OPLOSSING VAN ANTWOORDE OF NOEM**<br>● **VOLSINNE / BESKRYWENDE FEITE** | Maks 10 punte |
| **SLOT** | Enige **HOë ORDE GEVOLGTREKKING - gebaseer op Hoofdeel of Addisionele deel.**<br>**Opsomming / eie mening / aanbevelings - GEEN HERHALINGS VAN FEITE WAT AL IN INLEIDING, INHOUD EN ADDISIONELE DEEL genoem is nie !!** | Maks 2 punte |